

Die Prys wat Ons vir Rus Betaal



SABBATMIDDAG

Lees vir Vandeeweek se Les: 2 Sam. 11:1-27, hfst. 12:1-23, Gen. 3:1-8 en 1 Joh. 1:9.

Geheueteks: “Skep vir my ’n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my ’n vaste gees” (Ps. 51:12, OAB).

Baie mense is desperaat vir ’n bietjie rus en vrede. Hulle selfs bereid om daarvoor te betaal. In baie van die groot stede is daar internetlose kamers wat per uur verhuur word. Die reëls vir dié kamers is boonop streng: geen geraas, geen besoekers. Mense is bereid om te betaal sodat hulle net die stilte kan geniet, of kan sit en dink, of selfs ’n uiltjie kan knip. By party lughawens is slaaphokkies wat ’n mens kan huur. Geraasdempende oorfone is ook nogal gewild. Dan is daar boonop privaateidskappies van seildoek of opvoubare privaateidskerms, en beide word oor jou kop en soms ook jou bolyf getrek vir ’n vinnige wegbreek by die werk.

Ware rus het ook ’n prys. Die foendi’s van die selfhelpbedryf probeer ’n mens oortuig dat jy die kaptein van jou eie lot is en dat rus bloot ’n kwessie van keuse en goeie beplanning is. Op die keper beskou – en as ’n mens nou eerlik wil wees – besef jy egter dat innerlike rus nie iets is wat ons self teweeg kan bring nie. Augustinus van Hippo, ’n kerkvader van die vierde eeu na Christus, stel dit so netjies in Volume 1 van sy beroemde boek *Belydenisse*. Aangaande die Here se genade skryf hy soos volg: “U het ons vir Uself gemaak, en ons is rusteloos totdat ons rus in U vind.”

Vandeeweek kyk ons flussies na die lewe van ’n bybelfiguur wat die Here “’n man na sy hart” genoem het, om vas te stel hoe hy die prys van ware rus ontdek het.

**Studeer vandeeweek se les vir Sabbat die 24e Julie.*

Moeg en Mat

Op 'n soel lenteaand dwaal koning Dawid rusteloos op die dakbalkon van sy paleis rond. Hy was veronderstel om by sy troepe aan die ander kant van die Jordaan te wees. Hy moes hulle aanvoer sodat die volk van God die Ammoniete kon verslaan om oplaas vrede in die koninkryk herstel – maar hy het versuim om dit te doen.

Die feit dat koning Dawid nie was waar God hom wou hê nie, het hom kwesbaar vir versoeking gemaak. Lees die verhaal in 2 Samuel 11:1-5. Wat presies het gebeur en watter groot sonde het Dawid gedoen?

Dawid het “'n baie mooi vrou” gesien besig om op haar balkon te bad. Sondige drange het daardie aand die oorhand gekry en so slaap hy toe by Batseba, die vrou van 'n troue soldaat in Dawid se leër. Soos alle konings in die antieke wêreld was Dawid 'n alleenheerser (d.w.s. hy het oor al die mag beskik). As koning het hy nie nodig gehad om al die reëls te volg wat vir die ander mense gegeld het nie. Tog herinner al dié pynlike gebeure, wat die koningsgesin na hierdie dramatiese wending te beurt geval het, 'n mens aan 'n belangrike feit: dat Dawid desondanks sy amp nie bokant God se wet verhewe was nie.

Die wet is immers bindend omdat dit 'n mens beskerm. Die oomblik toe die koning dit oortree het, het dit verskriklike gevolge gehad. Die verontagsaming van die grense wat God vasgestel het, het na al die sye van Dawid se lewe uitgekring. Die koning het gemeen dat sy passievolle nag saam met Batseba nooit sou uitkom nie. Dit was net een nag en niks meer nie – maar toe word Batseba swanger, met haar man vêr van die huis af.

Lees 2 Samuel 11:6-27. Hoe het Dawid sy sonde probeer toesmeer?

Selfs Dawid se slimste plannetjies om Urija by die huis en by Batseba te kry, het gefaal. Urija was 'n man van onkreukbare karakter en reageer soos volg op Dawid se slinkse skimpe: “Sou ek huis toe gaan om te eet en fees te vier en by my vrou te slaap, terwyl die ark en Israel saam met Juda in hutte woon en my aanvoerder Joab sowel as u soldate in die oop veld kamp opslaan? Dit sal ek beslis nooit doen nie!” (2 Sam. 11:11, NAB). Uit desperaatheid wend Dawid hom dus tot “langafstand-sluipmoord” in 'n poging om sy sonde te delg.

Dit is moeilik om te glo dat Dawid – vir wie die Here so ryklik geseën het – so laag kon daal. Watter les leer 'n mens hieruit, ongeag jou amp of stand in die kerk?

Die Wekroep

Dawid beleef donker tye hier. Tog is daar te midde van dié wroeging en tragedie goeie nuus: *die Here stuur 'n profeet na die koning*. Natan en Dawid het mekaar goed geken. Die profeet het voorheen as raadgewer opgetree toe Dawid in die beplanningsfase van die tempel was (2 Samuel 7). Nou kom Natan egter na die koning met 'n ander sending.

Hoekom dink jy besluit Natan om hier 'n storie te vertel, in plaas daarvan om die bul by die horings te pak en dadelik Dawid se sonde te ontbloot? Lees 2 Samuel 12:1-14.

Natan het net mooi geweet wat om te sê, en op so 'n manier dat Dawid dit kon verstaan. Hy vertel 'n storie waarby Dawid, wat eens op 'n tyd 'n skaapwagter was, kon aanklank vind. Natan was ook bewus van Dawid se goed-ontwikkelde geregtigheidsin en integriteit. In 'n sekere sin kan 'n mens sê dat Natan vir Dawid 'n strik gestel het, een waarin Dawid mooitjies beland het.

Uiteindelik spreek Dawid, sonder dat hy dit besef, 'n doodsvonnis oor homself uit. Op dié sê Natan toe: “U is die man!” (2 Sam. 12:7, OAB). Daar is natuurlik allerhande maniere om iemand as die skuldige party uit te wys: jy kan dit al skreeuende doen, of dit vingerwysend en met 'n beskuldigende stemtoon doen, of jy kan jou kommer uitspreek en toon dat jy besorg is. Natan het dit seker op 'n simpatieke wyse gedoen. Op daardie oomblik het Dawid seker besef hoe die Here telkens voel wanneer een van sy seuns of dogters Hom doelbewus teëgaan. Skielik het Dawid die situasie ten volle begryp. 'n Diepe hartseer het hom oorval.

Hoekom sê Dawid meteens: “Ek het teen die Here gesondig!” (NLV) in plaas van: “Ek het teen Batseba gesondig” of selfs “O wee my, ek is 'n moordenaar!” (2 Sam. 12:13; lees ook Ps. 51:4)?

Dawid bely hier dat sonde – sonde wat die mens so rusteloos maak – grotendeels 'n oortreding teen God is, Hy wat ons Skepper en Verlosser is. Ja, ons maak onsself en ander seer, en ons stel ons gesinne en kerkgesinne in die verleentheid – maar bowenal maak ons die Here seer, en slaan nog 'n spyker in die kruishout se paal wat met groot stilswye hemelwaarts wys.

“Die profeet se teregwyding het Dawid diepgeroer. Sy gewete het hom aangekla. Hy besef die omvang van sy sonde. In sy binneste is die koning boetvaardig en sê toe met 'n bewerige stem: ‘Ek het teen die Here gesondig’ [NLV]. Al die onreg wat 'n mens ander aandoen, strek verder as net die seergemaakte party. Dit raak die Here. Dawid het 'n verskriklike ding aangevang, en het teen Urija en Batseba gesondig, 'n sonde waarvan hy pynlik bewus was. Sy sonde teen die Here, dié was egter oneindig groot” (Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 722).

Vergewe en Vergete?

Nadat Dawid onwetend ’n oordeel oor homself uitgespreek het (2 Sam. 12:5, 6), konfronteer Natan hom met die geweldige boosheid van sy sonde. Dawid is meteens gebroke en bely sy sonde. Tog gee Natan hom dadelik dié versekering: “Die Here het jou sonde vergewe” (2 Sam. 12:13, NLV) en dat hy nie sal sterwe nie. Daar is dus geen wagperiode in die Here se vergifnis nie. Dawid hoef nie die egtheid van sy jammerte te bewys voordat die Here vergifnis aan hom skenk nie.

Natan, wat reeds in verse 10 tot 12 die gevolge van Dawid se sonde voorspel het, noem nietemin dat die kindjie wel sal sterwe.

Wat beteken dit dat die Here Dawid se sonde vergewe het? Is dit m.a.w. soos ’n witbord waarop iemand geskryf het en toe dadelik afgegee is, en nou is dit silwerskoon? Beteken dit dat almal bloot net van die sonde vergeet en doodluiters met die lewe aangaan? Lees 2 Samuel 12:10-23 terwyl jy hierdie vraagstuk bepeins.

Dawid het seker ook met al dié vroeë gespook terwyl sy lewe in duie begin stort het – die babatjie is dood, sy huishouding omgekeer (die verhale van Amnon en Absalom is twee goeie voorbeelde van sulke gesinsprobleme), en die toekoms onseker. Ten spyte van die gevolge van sy sonde, wat inderdaad onskuldige mense soos Urija en die pasgebore babatjie geraak het, kom Dawid nietemin tot die besef dat die Here se genade hierdie krisis dek en dat die nare kettingreaksie wat sonde altyd veroorsaak eendag tot ’n einde gebring gaan word. Intussen kan sy innerlike in God se genade rus, en berusting vind.

Wat meen Dawid benodig hy? Waarna smag hy? Lees Psalm 51:1-6.

Met Psalm 51 stort Dawid sy hart voor die volk uit en bely sy sonde in die openbaar. Hy pleit om genade om by die Here, en doen ’n beroep op sy onfeilbare liefde en grote goedertierenheid. Dawid hunker na innerlike herlewing.

As ’n mens wil bepaal wat die prys van rus in Jesus is, moet jy eerstens besef dat die hulp wat jy benodig van buite af kom. Ons is almal sondaars en het behoefte aan ’n Verlosser. So ’n mens sien jou sonde raak en roep uit na die enigste Persoon wat die mens kan red, reinig en vernuwe. Wanneer jy dit doen, is daar boonop hoop vir jou – want hier in die Skrif is ’n egbreker, manipuleerder en moordenaar, iemand wat minstens vyf van die tien gebooie gebreek het; en wat uitroep na die Here – maar wat hom op die belofte van God se vergifnis beroep.

God was bereid om Dawid te vergewe. Watter hoop is daar dus vir jou en my?

Herskep van Binne

Na Dawid sy sonde bely het sonder om sy optrede te verskoon of goed te praat, pleit hy by die Here. Waarvoor vra Hy? Lees Psalm 51:7-12.

Dawid sê dat hy met hisop gereinig wil wees en gebruik hier terminologie wat aan elke Israeliet wat ooit die tempel besoek het, bekend was. Hierdie verwysing na die seremoniële reiniging wat in die Mosaïese wette beskryf word (*Lev. 14:4*), is 'n soort belydenis dat die sondaar se sondoffer inderdaad die beloofde uitwerking het, want dit dui op *die Offerlam* wat eendag sou kom om die sondes van die wêreld weg te neem.

Voorts vra Dawid ook vir “blydschap” en “vreugde” (NAB). Is dit egter nie 'n bietjie voor op die wa, siende die bese dinge wat hy aangevang het nie?

Miskien kom 'n parafrase hier handig te pas: “Laat ek weer bly wees. U alleen kan die lewe weer vir my nuut maak.

Help my om U te dien met alles wat in my is” (DB).

Toe Adam en Eva gesondig het, het hulle God se teenwoordigheid probeer ontvlug (*Gen. 3:8*). Hoekom dink jy is Dawid se versoek, selfs nadat hy gesondig het, so anders as Adam-hulle s'n? Lees Psalm 51:11 en 12.

David wou nie die kennelike wyse waarop hy God se teenwoordigheid ervaar het, verloor nie. Hy besef hier dat hy magteloos sonder die Heilige Gees is. Dawid het bitter gou die pad byster geraak met Batseba en kom in Psalm 51 tot die besef dat hy maklik weer in sonde kan beland. Sy vertrou op die eie-ek kom dus plotseling tot 'n einde.

Dawid begryp dat hy nie op homself vir toekomstige oorwinnings kan staatmaak nie, maar op die Here, mits hy geheel en al op die Skepper staatmaak.

Sukses in die geloofslewe draai nie om die gelowige nie. Jesus is die middelpunt. Dit is na sý Gees en sý teenwoordigheid wat ons hunker, na die verlossingsvreugde in Hóm wat ons smag. Ons besef ons behoefte aan hernuwing en herstel. Ons makeer rus in Hom. Daardie rus is 'n herskepping wat slegs die Skeppergod kan verrig. Skeppingsrus is nou met vergifnis verweef. “Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees” (*Ps. 51:10, OAB*). Hier het ons skeppingsterminologie. In Ou-Testamentiese Hebreeus kan slegs die Here bara' – oftewel 'skep' – en eers sodra 'n mens herskep is, kan jy waarlik rus.

'n Skuldige gewete is 'n sware las. Om dus daarvan bevry te word, bring groot vreugde en blydschap. Het jy dit al ooit ervaar? Wat keer jou? Pootjie die knaende skuldgevoelens jou? Hoe kan vandag se storie jou help om daardie gevoelens af te skud sodat jy ook 'n skoon gewete kan hê?

Weerkaatsers van God se Lig

Nadat 'n mens die verleentheid van 'n groot flater oorkom het en ook deur die vergifnisproses gegaan het, is dit eg-menslik om daarvan te wil vergeet. Die herinnering aan foute en flaters is soms pynlik.

Wat wil Dawid in Psalm 51:13-19 met sy pynlike ervaring doen?

Wanneer 'n mens 'n duur, breekbare voorwerp – soos 'n bakkie of 'n blompot – laat val en dit aan skerwe spat, sug jy diep en gooi dan maar die stukkie weg. Die Japannese beoefen egter 'n tradisionele kunsvorm genaamd *kintsugi*, die gesofistikeerde regmaak van stukkende erdewerk. Verpoeierde edelmetaal soos goud of silwer word met lak gemeng, waarmee die stukke dan aanmekaargegom en daarna mooi afgewerk word. So word stukkende bakke en blompotte in waardevolle pragstukke omskep.

Elke keer wat die Here ons oortredinge vergewe en herskep, verander iets. Die kosbare vergifnis wat Hy ons skenk, plak ons weer aan mekaar, en die sier-krake vestig 'n mens se aandag op sy grote genade. So adverteer 'n mens God se herskeppingsvernuf aan die mensdom. “Dan sal ek oortreders u weë leer,” sê Dawid (*Ps. 51:15, NAB*). Om 'n mens self te herstel en te verbeter (al is dit ook geleidelik), is buite die kwessie. 'n Gebroke en boetvaardige gees – dit is wat lof en eer aan die Here bring – en is 'n lig wat uitstraal na die wêreld om ons. Dit is ons vergifnisbelewensisse wat andere wat ook na vergifnis smag, nader aan die Here bring.

Wat is die verband tussen Psalm 51 en 1 Johannes 1:9?

Eerste Johannes 1:9 is 'n kort opsomming van Psalm 51. “Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!” – dit het Dawid maar al te goed geweet (*Ps. 51:19, NKJV*). Johannes sluit hom hierby aan, met die versekering: “As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig” (*1 sendbrief, hfst. 1:9, NKJV*). Ons kan dus op sy woord gaan.

Soos ons reeds gesê het, kon Dawid nie die geweldige skade van sy sondige daade en swak voorbeeld aan sy gesin ongedaan maak nie. Hy moes dus die gevolge van sy besluite en optrede dra. Tog het Dawid geweet dat hy vergewe is. Hy het geweet dat hy gelowig op God moes vertrou, dat die ware Lam van God eendag sou kom en sy plek as skuldige sou inneem.

Hoe kan 'n mens nou reeds leer om die beloftes in 1 Johannes 1:9 toe te pas? Hoe behoort jy te voel nadat jy dit gedoen het, met die wete dat dié belofte ook op jou van toepassing is?

Stof tot Nadenke: David se bekering was diepgaande en opreg. Hy probeer geensins sy misdade goed praat nie. Van 'n begeerte om die dreigende oordele vry te spring, is daar geen teken in sy gebed nie... Hy sien die onreinheid in sy hart en verag die sonde in sy binneste. [Tog is] vergifnis nie al waarvoor Dawid bid nie, maar ook vir 'n rein hart... Hy dink aan God se beloftes aan die boetvaardige sondaar, en aanvaar dit as die bewys dat hy [wel] God se vergifnis en aanvaarding het... 'Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!' (*Psalms 51:18 en 19, OAB*).

“Hoewel Dawid tot 'n val gekom het, hef die Here hom [weer] op...

“Dawid verootmoedig hom voor die Here en bely sy sonde. Saulus doen net mooi die teenoorgestelde: hy verwerp die teregwysing, en onboetvaardigheid neem oor en hy verhard sy hart.

“Hierdie greep uit Dawid se lewensverhaal is... [seker] een van die kragtigste voorbeelde in die Bybel van die stryde en versoekings waarmee die mens te kampe het, en ook van opregte berou en bekering...

Deur die eeue heen... het derduisende van God se kinders wat ook in die lokval van sonde beland het... onthou... van Dawid se opregte berou en belydenis... en het hulle [sodoende] ook die moed bymekaargeskraap om tot inkeer te kom en weer in die voorgeskrewe weë van die Here te wandel.

“Enigeeen... wat hom/haar voor die Here verootmoedig, hul sonde bely en tot inkeer kom – soos Dawid van ouds – het die sekerheid dat daar hoop vir hulle is... Die Here sal nooit 'n enkele persoon wat opreg boetvaardig is, verwerp nie” (*Ellen G. White, Patriarchs and Prophets*, bl. 725 en 726).

Besprekingspunte:

- ① Hoe kan 'n mens jou inherente sondigheid en behoefte aan vergifnis besef, en terselfdertyd as seuns en dogters van die Hemelkoning die vergifnis wat Hy ons skenk, vier? Hoe leef 'n mens beide uit?
- ② Hoekom is alle sonde op die keper beskou sonde teen God? Wat beteken dit om teen die Here te sondig?
- ③ Wat kan 'n mens aan iemand sê wat nie 'n gelowige is nie en wat sukkel om te verstaan hoekom onskuldige mense soos Urija, en Dawid en Batseba se buite-egtelike babatjie, moes doodgaan? Hoe verduidelik jy aan andere dat God te midde van hierdie dinge liefdevol en regverdig is? Hoe help die groot stryd-invalshoek 'n mens hiermee?
- ④ Hoekom wy die Bybel twee volledige hoofstukke aan Dawid en Batseba se skandes? Hoekom dit opneem sodat ander mense dit kan lees?
- ⑤ Oordink die feit dat sonde 'n mens van God skei soos Psalm 51 vers 13 en 14 dit beskryf. Dink aan jou eie wedervaringe en hoe sulke skeidings gebeur. Hoe het dit gevoel? Hoe bring 'n mens dit by iemand tuis, sodat hulle die ongemak en omvang van dié situasie kan verstaan? Hoekom is die belofte van God se genade die enigste kuur?